

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: Gerbrand Bodenstein

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting:

Praktiese Teologie

**Titel van proefskrif of
Verhandeling:**

Humor en prediking in 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks

Datum van afhandeling: 05/09/2017

Uitslag: Slaag cum laude 80%

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

-

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Opsomming van studie:

Humor is 'n integrale deel van die samelewing. Die idee dat humor en lag goed is vir jou gesondheid en psige, is alom bekend en baie navorsers benadruk die rol wat humor in die samelewing speel. Humor is 'n belangrike deel van prediking en word in verskillende predikingskontekste aangetref. Maar of die humor wat in prediking gebruik word, altyd van goeie gehalte is, is twyfelagtig. Daarom het hierdie studie beoog om die rol van humor in prediking te beklemtoon. Die verskynsel van humor is uiteengesit, sowel as die rol van humor in die Bybel, en uiteindelik is die gebruik van humor in die prediking ook ondersoek.

Gevolgtrekking van studie:

Dit is duidelik dat daar 'n groot leemte in die homiletiek veld is wat humor in prediking betref. Handleidings oor Christelike prediking het min en somtyds niks te sê oor die gebruik van humor in prediking nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat humor nie 'n baie voor die hand liggende onderwerp is soos wat veronderstel word nie. Die oorgrote meerderheid van die paar homiliete wat wel oor die onderwerp skryf, sien humor egter as 'n toepaslike instrument vir gebruik in prediking, alhoewel daar verskeie punte van kritiek teen humor en die gebruik daarvan in prediking is. Wat humor in die Bybel betref wil dit voorkom of die meeste gevalle van humor in die Bybel in natuurlike kontekste afspeel en ongeforsed voorkom wat vir preekdoeleindes belangrik is. Daar is tog duidelike waarskuwings aan die prediker oor verskeie soorte humor wat eerder vermy behoort te word, bygesê het 'n prediker se humor 'n aansienlike impak op sy of haar verhoudings met die gemeente. Gemeentes se siening van 'n prediker kan ook grotendeels gevorm word deur sy of haar tipe humorgebruik. Daar is egter 'n groot hoeveelheid "positiewe" humorsoorte om van te kies vir gebruik in die erediens. Daar bestaan dus potensiaal ten opsigte van die gebruik van humor in die prediking, alhoewel dit in die lig van die navorsing wat vir hierdie artikel gedoen is, met groot omsigtigheid behoort te geskied.